

## Die geloof van Abraham en Sara (OP106)

Heb 11:8-19

23 Oktober 2022

In Heb 10 het ons geleer dat dit diegene is wat volhard in die geloof wat met vrymoedigheid in die Allerheiligste van die ware tabernakel mag ingaan. Heb 11 volg dit op met 'n bestudering van wat geloof is. In verse 1-3 is daar 'n funksionele definisie van geloof: Geloof gee sekerheid oor die dinge wat gelowiges hoop, dit is 'n bewys van die dinge wat nie andersins gesien kan word nie, dit het die lof van God tot gevolg wanneer gelowiges doen wat God behaag, en dit gee insig in dinge waarvan ongelowiges niks verstaan nie.

Laasweek het ons in Heb 11:4-7 gekyk hoe geloof in die lewens van drie Ou Testamentiese gelowiges na vore gekom het. Ons het gesien dat Abel in die geloof 'n offer aan God gebring het waarin God behaag gehad het. Henog het op sy beurt naby aan God geleef t.p.v. die goddelose tyd waarin hy geleef het, terwyl Noag nie net regverdig en onberispelik was en naby God geleef het nie, hy het boonop ook in eerbied God se opdrag gehoorsaam om die ark te bou, as veroordeling van die boosheid van die mensdom. Aldrie hierdie gelowiges het ook beloning van God ontvang vanweë hulle geloof: Abel en Noag is geregverdig, Henog het nie gesterf nie, maar is deur God weggeneem, terwyl Noag en sy gesin ook deur God bewaar is tydens die sondvloed as oordeel oor die bose mensdom. Ons het ook daarvoor besin dat al die effekte wat geloof in die lewens van hierdie drie manne gehad het, behoort ook in ons as gelowiges se lewens voor te kom, en ons kan ook verwag om al die belonings wat hulle ontvang het, te ontvang.

Vandag wil ek stilstaan by die volgende twee gelowiges in Heb 11 – dit is Abraham en Sara. 'n Betrekklike groot deel van Heb 11 word aan hulle afgestaan: Heb 11:8-19. Dit is te verstane siende dat Abraham later beskryf word as die vader van die gelowiges. Die geskiedenisgebeure waarna hierdie paar verse in Heb 11:18-19 verwys, word in Gen 12-22 beskryf – daar word veral na hoofstukke 12, 15, 17, 18, 21 en 22 verwys. Ek vertrou ons is almal redelik goed vertrou met die gebeure in hierdie hoofstukke. Indien nie, wil ek vra dat jy dit op jou eie deurlees.

Ek wil wat ons hier oor geloof leer, bespreek aan die hand van die objektiewe definisie van geloof waarna ek twee weke gelede verwys het, soos wat dit in die Heidelbergse Kategismus saamgevat is. In vraag en antwoord 21 word geloof beskryf as bestaande uit twee dele: (1) 'n vasstaande kennis van wat God geopenbaar het, en (2) 'n vaste vertrouwe dat God ook vir my as gelowige verlos het deur die verdienste van Christus.

### Geloof het God-geopenbaarde kennis as basis

Geloof is nie maar net 'n emosionele of warm gevoel wat gelowiges het nie. Nee, geloof het 'n deeglike basis waarop dit staan. Die basis is kennis, oftewel feite, wat God self geopenbaar het. Dit is weliswaar nie 'n wetenskaplike feit wat deur wetenskaplike studie bestudeer kan word nie (alhoewel jy wel die effek daarvan kan bestudeer), maar dit is 'n vasstaande feit wat God geopenbaar het en wat gelowiges in die geloof sien. Kom ons kyk na die kennis wat as basis gedien het vir Abraham en Sara se geloof.

In die eerste plek moet ons raaksien dat die kennis waarop hulle geloof gebou was, was die beloftes wat God aan Abraham gemaak het as deel van Sy verbond met Abraham. Uit Genesis is dit duidelik dat daar drie elemente was in God se beloftes aan Abraham:

- God het aan Abraham die beloofde land beloof. In Gen 12:1 het God vir Abraham gesê hy moet weggaan uit sy land na die land wat die Here aan hom sal wys. In Gen 17:8 het God dit bevestig: “Ek gee aan jou en jou nageslag na jou die land van jou vreemdelingskap, die hele land Kanaän, as eiendom vir altyd”.
- God het aan Abraham ‘n groot nageslag beloof. In Gen 12:2-3 het God beloof Hy sal hom ‘n groot nasie maak en deur hom sal al die grootfamilies van die aarde geseënd wees. As Abraham worstel met die feit dat hy nie ‘n nageslag het nie, bevestig die Here dit weer aan hom in Gen 15:5 as Hy vir hom sê sy nageslag sal so baie wees soos die sterre aan die hemel. In Gen 17:4 bevestig die Here dit weer as Hy beloof Abraham sal die Vader word van ‘n menigte nasies.
- In Gen 17:7 beloof die Here ook Hy sal vir Abraham ‘n God wees, en vir sy nageslag na hom.

Kom ons keer nou terug na Heb 11. Hierdie drie beloftes kom ook voor as die Hebreërskrywer Abraham en Sara se geloof vir ons beskryf. In verse 8-10 verwys die skrywer na die belofte van die land wat Abraham sou ontvang, in verse 11-12 na die belofte van die nageslag, en in vers 16b na die feit dat God Hom nie vir hulle skaam om hulle God genoem te word nie. Abraham en Sara se geloof was dus gebaseer op God se beloftes.

In die tweede plek is dit belangrik om raak te sien dat die kennis wat God geopenbaar het en waarop hulle geloof staan, onvolledig is. Daar is baie aspekte wat God nie geopenbaar het nie. In God se beloftes word die einddoel waarheen God besig is om te werk, tipies beskryf, maar die pad daarheen word nie in detail beskryf nie. Let op die volgende:

- Lees Heb 11:8. Abraham moes trek na ‘n plek wat hy as erfenis sou ontvang, sonder om te weet waarheen hy gaan. God het geopenbaar hy moes trek, maar hy moes trek sonder om te weet waarheen.
- Lees Heb 11:11-12. Hier lees ons Abraham en Sara was nie meer jonk toe Isak gebore is nie. As jy die geskiedenis in Genesis gaan lees, sien jy dat Abraham reeds 75 jaar oud was toe God in Gen 12 die eerste keer die belofte aan hom gemaak het. In Gen 21 as Isak eventueel gebore word, is Abraham reeds 100 jaar oud – 25 jaar later. God het ‘n nageslag so groot soos die sterre aan die hemel belowe aan ‘n ou man en vrou – en vir 25 jaar gebeur daar niks! Ons weet hoe Sara en Abraham probeer het om God te help deurdat Abraham ‘n kind by Hagar verwek het. Maar dit was nie die kind van die belofte nie. Die feit van die saak is, God het nie duidelik gemaak hoe lank dit sou duur voor Isak gebore is nie, en dit was ook nie aan Abraham en Sara geopenbaar hoe die nageslag sou groei tot dit so groot soos die sterre aan die hemel was nie. Wat God wel gedoen het, is om Sy belofte verskeie kere te herhaal en bevestig gedurende die 25 jaar wat hulle gewag het.
- Lees Heb 11:17-19. Nadat Isak op die ou end gebore is, moes Abraham hom gaan offer in opdrag van die Here. Dit was die seun deur wie God beloof het Abraham se nageslag sou groei – en nou moet Abraham hom gaan offer. God het nie vooraf aan Abraham verduidelik dat Isak op die laaste oomblik gespaar sou word nie. Abraham het net God se belofte en opdrag gehad om aan vas te hou – en het dus gedink as God wil dat hy Isak moet offer, sal God dan seker weer vir Isak opwek.

Die punt is: geloof is gebou op geopenbaarde kennis van God. Maar God het nie alles aan ons as mense geopenbaar nie. Wat ons van Abraham en Sara leer, is dat al het dit hoe onmoontlik gelyk dat God se beloftes in vervulling sou gaan, het hulle steeds bly glo op grond van wat God wel geopenbaar het.

In die derde plek moet ons ook raaksien dat Abraham (en Sara) tog verstaan het dat die vervulling van God se beloftes nie eensklaps gaan gebeur nie. Nie net gaan dit nie direk in vervulling nie, die vervulling daarvan gebeur boonop geleidelik met verloop van tyd:

- Lees Heb 11:9. In Gen 12:1-3 maak God die eerste keer die beloftes aan Abraham. Reeds in Gen 12:5b lees ons dat Abraham in die beloofde land aangekom het: “Hulle het vertrek om na die land Kanaän te gaan en het in die land Kanaän aangekom.” Maar alhoewel hy in Kanaän was, was hy slegs ‘n bywoner. Hy het in tente gewoon en ons lees in Genesis dat hy rondgetrek het. In ‘n sekere sin is die belofte vervul – hy is in die land, maar die land was nie syne nie. Dit sou eers eeue later na die uittog en na die tog van 40 jaar deur die woestyn gebeur dat Abraham se nageslag werklik die land sou inneem.
- Lees Heb 11:10. Die verstommende is egter dat Abraham nie net verwag het dat sy nageslag op die ou end wel die land Kanaän sou inneem nie – maar hy het selfs meer as die fisiese land Kanaän verwag. Hy het in God se belofte raakgesien dat God meer beloof: dat God uiteindelik ‘n stad beloof met fondamente, waarvan God self die argitek en die boumeester is. Ons is bevoorreg siende dat ons ook God se openbaring aan Johannes het. In Op 21-22 lees ons inderdaad dat God op pad is om ‘n stad voor te berei – die nuwe Jerusalem. Die stad het inderdaad 12 fondamente, met die name van die twaalf apostels daarop geskryf. Ons weet die stad is die bruid, dit is die gelowiges – dit is die ware nageslag van Abraham! Die verstommende is dat Abraham alreeds verstaan het dat God se beloftes baie meer inhou as die fisiese land Kanaän, en dat Kanaän maar net die eerste vervulling van die belofte was.
- Lees Heb 11:12. Hier lees ons dat daar uit Abraham en Sara ‘n nageslag gebore is soveel as die sterre aan die hemel en die sand van die seestrand. Maar onthou hoeveel daarvan het in die leeftyd van Abraham gerealiseer: Na 25 jaar is nog net Isak gebore. Ja, intussen is Ismael ook gebore, maar die Here het baie duidelik gemaak Ismael is nie die kind van die belofte nie. Sara is oorlede op ouderdom 127 jaar, 37 jaar na Isak se geboorte. Abraham sterf op 175 jaar, 75 jaar na Isak se geboorte. Isak was toe al getroud. Moontlik was Jakob en Esau al gebore. Abraham het ook later nog kinders gehad by Ketura, met wie hy later getroud is. Maar tydens die lewens van Abraham en Sara was hulle nageslag nie naastenby so groot soos die sterre aan die hemel nie. Hulle het egter verstaan die belofte sal geleidelik in vervulling gaan.
- Lees Heb 11:13. Dit is die punt. Mense soos Abraham en Sara het gesterf sonder dat God se beloftes ten volle vervul is – dit het hoogstens nog maar gedeeltelik in vervulling gegaan. Maar hulle het dit verstaan, en hulle het ver die toekoms ingekyk om die volle vervulling te sien – selfs verder as hulle sterfdag. Lees Heb 11:15-16. Hulle het ver die toekoms ingekyk en gehunker na die volle vervulling van God se beloftes – ‘n hemelse vervulling, daardie stad wat God vir hulle voorberei het!

Maar dit laat die vraag ontstaan: Hoe het Abraham geweet daar is meer in God se beloftes as net die fisiese land en ‘n fisiese nageslag? As jy deur die geskiedenis in Genesis lees, is daar baie insidente waar God direk met Abraham gepraat het. Ons sou dus kon aanneem dat God moontlik meer aan Abraham vertel het. En sekerlik het die Heilige Gees ook in Abraham gewerk. Maar kom ons dink net oor wat God reeds geopenbaar het tot en met die lewe van Abraham:

- Abraham moes geweet het dat God in Gen 1:28 gesê het die mens moet die aarde vul en dit onderwerp. Verder het God in Gen 2:15 gesê Adam moes die tuin bewerk en oppas. Daar was dit al duidelik dat God verwag het die mens moes die tuin uitbrei tot dit die hele aarde gevul het. Boonop was daar in die paradys die boom van die lewe (Gen 2:9). Abraham moes

verstaan het daar is meer as net die fisiese lewe – daar moet ook ‘n geestelike lewe wees wat God behaag.

- Na die sondeval, het God in Gen 3:15 beloof dat daar een uit die nageslag van die vrou sou kom wat die kop van die slang sou vermorsel. Hieruit moes Abraham weer besef het daar is meer as net die fisiese lewe – en God het onderneem om dit moontlik te maak vir die nageslag van die vrou deur die Een wat sou kom.
- In Gen 5:23 neem die Here Henog, wat naby God geleef het, lewend weg – weer is dit duidelik daar is meer as die fisiese lewe, en God het juis behaag daarin.
- Met die gebeure in Gen 6-9 rondom Noag en die sondvloed word dit weereens duidelik God het meer in gedagte as net fisiese lewe – Hy het behaag in die lewe van die opregte Noag. God wis almal uit, maar spaar die regverdige Noag. En dan sluit God ‘n verbond met Noag. Lees Gen 8:22. God beloof Hy sal die aarde in stand hou – solank die aarde nog daar is. Daar gaan dus ‘n tyd kom dat die aarde nie meer gaan wees nie – dan gaan God weer oordeel, maar tot dan stel God Sy oordeel uit. God skep dus tyd voordat Hy weer sal oordeel.
- In Gen 11 as die mensdom die stad Babel met sy toring wil bou, stop God die stad wat die mense wil bou – en verstrooi hulle oor die hele aarde. Dit herinner aan God se verwagting dat die paradys uitgebrei moes word om die hele aarde te oordek.

Met dit alles in Abraham se gedagtes, kom God en beloof aan hom ‘n land, ‘n groot nageslag en dat God sy en sy nageslag se God sal wees. Uit alles wat God tot op hede geopenbaar het, is dit duidelik God wil die hele aarde daarby betrek, nie net die paradys of net ‘n stad wat die mense bou nie. God het duidelik behaag in mense wat Hom behaag. God verduidelik ook juis aan Abraham dat hy God se verbond moet hou – dus dat hy en sy nageslag God moet behaag. God het juis na die sondvloed, ruimte in tyd geskep dat so ‘n mensdom kan groei tot dit die hele aarde vul, voor God sal oordeel. Uit dit alles moes dit vir Abraham duidelik gewees het God het ‘n groot doel in gedagte: dit sal meer inhou as net Kanaän of net ‘n stad deur mense gebou – dit sal ‘n stad wees wat God self bou en wat die hele aarde insluit, dit sal mense insluit wat God behaag en Sy verbond nakom, dit sal tyd vat – tot met die einde van die aarde. Die punt is: Abraham het hierdie kennis gevat en dit geglo. Hy het geglo dit is waarheen God op pad is. Hy het nie presies verstaan hoe God dit gaan bewerk nie. Maar hy het verstaan dit is wat God openbaar, en hy het dit geglo.

### Geloof het vertrou as basis

Geloof is natuurlik nie net kennis nie, selfs nie al is daardie kennis gebaseer op God se beloftes nie. Geloof beteken ook dat die gelowige die inhoud van daardie kennis vertrou. Dit beteken dat hy God wat agter die kennis is, vertrou en as betroubaar ag. Soos wat Gen 15:6 dit uitdruk: “Abraham het die Here geglo. En Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken.”

Kom ons kyk na ‘n paar maniere waarop hierdie vertrou van Abraham en Sara sigbaar geword het:

- Hulle was gehoorsaam aan wat God van hulle gevra het. Lees Heb 11:8. God het vir Abraham gesê hy moet trek. En Abraham het getrek – sonder om te weet waarheen hy gaan. Vir Abraham was dit voldoende dat God gesê het hy moet trek en dat God aan hom ‘n land sou gee. Hy het God geglo, en het getrek. Tans is dit baie algemeen dat mense emigreer. Enigiemand wat al daardeur gegaan het, sal getuig dit is nie ‘n eenvoudige saak nie. Alles moet hier opgeruim word en baie reëlins moet in die nuwe land gemaak word. Daar is baie opofferings wat gemaak moet word, veral afskeid wat geneem moet word van dierbares en die bekende omgewing. Dit verg waagmoed om dit te doen. Abraham en Sara het dit gedoen – omdat die Here so gesê het. Wat dit nog moeiliker gemaak het, was toe hulle in die

beloofde land gekom het, was hulle bloot bywoners in die vreemde land. Maar nogtans lees ons in Heb 11:15-16 dat hulle nie terug verlang het na hulle oorspronklike vaderland nie.

Ons sien ook hulle gehoorsaamheid m.b.t. die verwekking van 'n nageslag. Toe dit met verloop van tyd duidelik word dat Sara nie swanger raak nie, het Sara en Abraham 'n plan bedink om te help dat God se belofte vervul sou word deurdat Abraham 'n kind by Hagar verwek het. Dit is so dat hier 'n element van ongeloof in was: hulle, veral Sara, was blykbaar nie oortuig dat God Sy belofte kan nakom nie – en dit is sekerlik iets waarvoor sy gekritiseer moet word. Maar aan die ander kant is dit ook so dat sy, en Abraham, vasgehou het aan God se belofte van 'n nageslag.

- Abraham het geduldig volhard in die geloof terwyl hy gewag het op die vervulling van God se beloftes. Onthou, dit is juis die punt van Heb 10: Gelowiges moet volhard in die geloof sodat hulle nie die vrymoedigheid prysgee om in die heiligdom te mag ingaan nie. Soos ons reeds gesien het, was Abraham spoedig na die gee van die belofte in Kanaän. Maar hy was bloot daar as bywoner wat in tente gewoon het (Heb 11:9). Boonop moes hy en Sara 25 jaar lank wag voordat Isak gebore is. Telkens as hulle ongeduldig word, herhaal die Here net weer Sy belofte. Selfs toe Abraham gesterf het op 'n ouderdom van 175 jaar, was sy nageslag nog maar klein. Maar Abraham het steeds geduldig gewag.
- Intussen het Abraham nie die relatief klein gedeeltelike vervullings van God se beloftes wat wel gebeur het, gering geskat nie. Al moes hy in tente in die beloofde land woon, het hy nie terug verlang na sy oorspronklike vaderland nie. Al het dit 25 jaar geneem vir Isak om gebore te word, het Abraham aanvaar dat Isak die kind van die belofte is. Al het hy op 'n ouderdom van 175 jaar gesterf met net 'n relatief klein nageslag, het hy steeds uitgesien na die volle vervulling van God se beloftes.
- Alhoewel Abraham reeds 'n gedeeltelike vervulling van die belofte van die land ontvang het, het hy steeds gehunker na 'n beter vaderland (Heb 11:16). Hy was oortuig daar is meer wat sou kom, en hy het daarna gehunker. Sy hunkering na die volle vervulling van God se beloftes het getoon dat hy wou beleef dat God Sy einddoel sal bereik. Selfs met sy dood het hy steeds in afwagting vooruit gekyk. Hy was oortuig God kan selfs uit die dood opwek (Heb 11:19), en God kan dus selfs vir hom uit die dood opwek sodat hy die volle vervulling van God se beloftes kan beleef.
- Abraham het ook nie hierdie oortuiging vir homself gehou nie. Lees Heb 11:13-14. Abraham, en ander soos hy, het van ver af die vervulling van God se beloftes gesien en dit verwelkom, en intussen het hulle bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Hulle het te kenne gegee dat hulle op soek is na 'n beter vaderland – en daardie vaderland is 'n hemelse een (Heb 11:16). Die mense rondom Abraham moes weet: sy fokus is op iets beters as wat hierdie wêreld kan bied. Ja, ongelowiges mog dalk nie verstaan het wat hom gedryf het nie omdat hulle nie geloof gehad het waardeur hulle dit kon sien nie, maar dit het nie beteken dat Abraham sy hunkering na hierdie hemelse vaderland geheim gehou het nie. Hy het dit bely. Sekerlik moes dit 'n getuienis wees teenoor die wêreld, soortgelyk aan wat ons laasweek gesien het wat Noag ook moes doen toe hy die ark gebou het.
- Abraham se geloofsvertroue is ook getoets. Lees Heb 11:17-19. Na Abraham 25 jaar moes wag op die geboorte van Isak, is sy geloof deur die Here getoets toe hy van God die opdrag ontvang het om Isak te gaan offer. Immers was Isak die seun van die belofte waardeur Abraham se nageslag sou groei, maar toe moes Abraham Isak gaan offer. Die gebeure word in Gen 22 beskryf. Daar is ontsaglike kosbare openbaringswaarhede wat God deur hierdie gebeure aan ons wil leer, maar ons beperk ons nou net op die toets wat dit was vir Abraham

se geloof. Ons weet Abraham was getrou aan die opdrag van die Here tot op die punt dat hy bereid was om Isak dood te maak. Daar moes baie vroeë in Abraham se gemoed gewees het oor dit wat besig is om te gebeur. Dit maak die inhoud van Heb 11:19 so kosbaar: Abraham het steeds vasgehou aan God se openbaring dat Isak die een is deur wie hy 'n groot nageslag gaan hê. En Abraham het ook steeds vasgehou aan God se opdrag om Isak te offer. En al hoe hy hierdie oënskynlike teenstrydigheid in sy gemoed met mekaar kon versoen, was deurdadig dat hy oortuig was dat God weer vir Isak uit die dood sal opwek. En, sê vers 19, dit is figuurlik gesproke wat gebeur het. Steeds het Abraham volhard in die geloof.

- Daar is een belofte aan Abraham wat direk vervul is: God was sy God, soos God belofte het. Of soos Gen 15:1 dit stel: God was sy skild. Dit was duidelik in die feit dat God telkens maar weer aan Abraham verskyn het en hom opnuut verseker het van Sy beloftes. Dit was duidelik toe Abraham se geloof getoets was. In Gen 21:22 was dit selfs vir Abimeleg duidelik. Hy het vir Abraham gesê: "God is met jou in alles wat jy doen." Lees Heb 11:16b – God het Hom nie geskaam om Abraham en Sara se God genoem te word nie. Onthou, Heb 11:2 het ons geleer dat gelowiges van weë hulle geloof, lof van God ontvang. Natuurlik is dit wat Abraham in staat gestel het om geduldig te volhard in geloof, self toe hy getoets is.

Ek som op: Abraham se geloofsvertroue het duidelik geword uit sy gehoorsaamheid aan God se opdragte, uit sy volharding om te getrou wag op die volle vervulling van God se beloftes, uit sy waardering vir die gedeeltelike vervulling wat hy wel gesien het, uit sy belydenis dat hy 'n beter vaderland verwag en daarna hunker, en uit sy getrouheid selfs toe sy geloof getoets is. Dit alles was moontlik, want God was sy God.

### Toepassings

Abraham en Sara is voorbeelde van gelowiges wat die Here deur die Hebreërskrywer voor ons plaas met die doel dat ons ons eie geloof in hulle voorbeeld moet spieël. So, kan ek jou vra:

- Abraham het hom verdiep in God se beloftes. Hy het hom ingespan om die volle implikasies van hierdie beloftes te begryp. Hy het tot die slotsom gekom dit gaan oor baie meer as net 'n fisiese land en 'n fisiese nageslag. Sedert Abraham het God baie meer aan ons geopenbaar in Sy Woord. Ons het openbarings wat vir ons wys Abraham se slotsom dat dit oor baie meer handel, was korrek. Dit is hierdie volle openbaring van God aan ons, wat die basis moet vorm van ons geloof. Verdiep jy jou in God se openbaring? Is die basis van jou geloof feite wat God geopenbaar het? Streef jy daarna om soveel as moontlik daaruit te leer?
- Abraham was gehoorsaam aan God se opdrag om te trek na die beloofde land. In God se openbaring aan ons, het Hy duidelik gemaak wat Sy verwagting van ons is – dat ons op so 'n manier moet leef dat dit Hom behaag. Verstaan jy wat dit beteken? Is jy, soos Abraham, bereid om onvoorwaardelik te doen wat God van jou vra? Selfs al eis dit groot opofferings?
- Abraham het gehunker na 'n vaderland in die hemel. Wat is dit waarna jy hunker? Hunker jy ook na daardie vaderland, daardie stad met die fundamente waarvan God die argitek en boumeester is? Of is jou hunkering dalk meer aards? Gemak of sukses of voorspoed of gesondheid hier op aarde? God het groot planne oor wat Hy gaan bereik. Deel jy in Abraham se opgewondenheid oor die realisering van hierdie planne van God?
- Abraham het geleer om geduldig te wag op die vervulling van God se beloftes. Hy het geleer om terwyl hy wag op die volle vervulling, aangespoor te word deur die gedeeltelike vervullings wat plaasvind op pad na die volle vervulling toe. Is dit waar van jou? Hou jy jou geloofsoë oop om te sien waar God se beloftes nog 'n treetjie nader gekom het aan vervulling? Is jy opgewonde oor elke gelowige wat enduit volhard het tot die dood toe en

wat in geloof gesterf het? Is jy opgewonde omdat dit beteken dat daardie stad met vaste fundamente nog bietjie verder gebou is? Het jy al geleer om geduldig te wag? Of wag jy dalk net op God se voorsiening in terme van materiële dinge?

- Abraham het bely hy is maar net 'n vreemdeling hier, wat hunker na die hemelse. Bely jy ooit wat jou hunkering is? Weet mense wat jou ken wat jou hunkering is? Weet hulle jy hunker na iets meer as wat hierdie wêreld kan bied?
- Abraham se geloof is ernstig getoets. Dit is getoets in die sin dat twee dinge wat God aan Hom geopenbaar het, oënskynlik in stryd was met mekaar. Hy het daarvoor geredeneer en tot die slotsom gekom dat altwee gelyktydig waar moet wees en dat dit moet impliseer God sal 'n wonderlike ding doen en Isak weer lewendig maak. Wat is jou reaksie as jy getoets word, en dit vir jou lyk of God teenstrydige dinge van jou verwag? Bly jy gehoorsaam aan God? Dink jy dan so groot oor God soos wat Abraham gedink het? Of besluit jy self waar God reg was en waar God verkeerd was?
- Is jy bewus dat God by jou is, soos Abraham? Is God jou skild, soos wat hy Abraham se skild was? Selfs Abimeleg het gesê hy kon sien God is by Abraham. Is dit vir ander mense duidelik dat God by jou is?

As jy werklik glo, is jy 'n deel van die nageslag van Abraham. As jy werklik glo, is jy op pad na daardie hemelse vaderland, na die stad met die fundamente en met God as argitek en boumeester. As jy werklik glo, is God jou God. Dit is 'n feit. God het so beloof, en so opgetree met Abraham. Glo jy dit?